education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS EN LETTERKUNDE

FEBRUARIE/MAART 2009 (MPUMALANGA)

PUNTE: 120

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

AFDELING A:	Kyk- en Leesbegrip	VRAAG 1 – 3	(30)
AFDELING B:	Opsomming	VRAAG 4	(10)
AFDELING C:	Taal	VRAAG 5 – 9	(60)
AFDELING D:	Letterkunde	VRAAG 10 –12	(20)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die instruksies by AL die vrae.

4. Nommer die antwoorde korrek in die middel van die bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae.



WAAR DAAR ’N WIL IS, IS DAAR ’N WEG.

Van vee-oppasser tot iemand met grade.

1. Maema Mmonwa het as ’n arm seun in ’n plakkerskamp naby Polokwane grootgeword. Daar het hy matriek aan die einde van 1993 geslaag.

2. Na matriek het hy drie maande lank soos die ander jong mans in die plakkerskamp sokker gespeel en vee opgepas. Hy was nie met dié lewe tevrede nie. “Dit was baie frustrerend en ek is saam met my oom Pretoria toe om werk te soek.”

3. Hy wou geld spaar om te studeer, maar dit was moeilik omdat hy net R220 vir twee weke se tuinwerk gekry het. Tog het hy met die eerste geld wat hy verdien het, sy eie plakkershut in die township gebou. Hy was baie trots daarop.

4. Tot 2001 het Maema verskillende soorte werkies gedoen. Hy was selfs vir ’n ruk werkloos. Hy het nooit moed opgegee nie en altyd probeer uitvind hoe om verder te studeer. Iemand in die plakkerskamp het hom aangemoedig om aansoek te doen vir ’n beurs by die Universiteit van die Witwatersrand (Wits).

5. Maema het die beurs gekry en in 2005 sy eerste graad voltooi. Hy het twee pryse gewen omdat hy die beste student én beste navorser in die kursus was. Sy ambisie daarna was om sy kwalifikasies verder te verbeter.

6. Vandag is hy ’n geleerde en gerespekteerde man met ’n meestersgraad. Hy woon in Pretoria en werk as navorser by die Wetenskaplike Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR). Hy is nou besig om aan sy doktorsgraad te werk.

7. Maema het ook sy jonger broer gemotiveer om te studeer. Vandag is hy ’n prokureur. “My bejaarde ouers is bly dat hulle nog leef om ons sukses te sien,” sê Maema.

[Verwerk uit: *Beeld*, 11 Julie 2008]

VRAE:

1.1 Kies die REGTE antwoord.

Die titel "Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg" beteken ...

A as jy hard werk, sal jy suksesvol wees.
B as jy werk soek, sal jy suksesvol wees.
C om suksesvol te wees, moet jy baie geld hê.
D om suksesvol te wees, moet jy in Pretoria werk. (1)

1.2 Gee EEN woord uit paragraaf 1 wat sê dat Maema nie ryk was nie. (1)

1.3 Watter werk doen Maema by die WNNR? (1)

1.4 Aan watter graad werk hy nou? (1)

1.5 Naby watter stad het hy grootgeword? (1)

1.6 Wat het Maema gedoen voordat hy gaan werk soek het? Noem TWEE dinge. (2)

1.7 Kies die REGTE antwoord.

Maema wou geld spaar om ...

A sy broer te help.
B vee te koop.
C verder te studeer. (1)
D tuingoed te koop.

1.8 Wie het Maema gehelp om tot in Pretoria te kom? (1)

1.9 Wat het Maema met die eerste geld wat hy verdien het, gedoen? (1)

10.1 Beantwoord die volgende vrae:

1.10.1 Het Maema altyd werk gehad? Sê Ja/Nee. (1)

1.10.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.10.1 deur EEN sin uit die teks neer te skryf. (1)

1.11 1.11.1 Het Maema vir sy studies aan Wits betaal? Sê Ja/Nee. (1)

1.11.2 Watter EEN woord bewys jou antwoord in VRAAG 1.11.1. (1)

1.12 Waarom het Maema twee pryse gekry? (2)

1.13 1.13.1 Is Maema se jonger broer ook 'n geleerde man? Sê Ja/Nee. (1)

1.13.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.13.1. (1)

1.14 Watter EEN woord uit paragraaf 8 sê dat Maema se ouers nie meer jonk is nie. (1)

[19]

VRAAG 2: STROKIESPRENT

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae.

[Verwerk uit: *Rapport,* 2007]

VRAE:

2.1 Hoekom gaap Zits in raampie 1? (1)

2.2 Kies die REGTE antwoord.

Vir hoeveel uur uit ŉ 24-uur-siklus is Zits wakker?

A 9 uur
B 16 uur
C 8 uur (1)
D 7 uur

2.3 Waarom het hy oë op sy ooglede laat tatoeëer? (1)

2.4 2.4.1 Dink jy Pierce se plan sal werk as hy bestuur? Sê Ja/Nee. (1)

2.4.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 2.4.1. (1)
[5]

VRAAG 3: WEERKAART

Lees die onderstaande weerkaart en beantwoord die vrae.



SLEUTEL VIR KAART		WÊRELDTEMPERATURE		SONTYE	
S	Son	Amsterdam	8º/14º	Johannesburg:	
Gb	Gedeeltelik bewolk	Beijing	20º/32º	Sonop	06:52
B	Bewolk	Hongkong	25º/27º	Son sak	17:23
Lr	Ligte reën	Jerusalem	13º/30º		
D	Donderbuie	Londen	8º/17º		
R	Reën	New York	21º/26º		
M	Mis	Tokio	20º/29º		
SN	Sneeu	Washington	23º/32º		

[Uit: *Beeld*, Saterdag 7Junie 2008]

VRAE:

3.1 Kies die KORREKTE antwoord.

Watter plek lê heelbo regs op die kaart?

A Lephalale
B Musina
C Windhoek
D Phalaborwa (1)

3.2 Kaapstad 12º/18º Gb

3.2.1 Waarvoor staan *Gb*? (1)

3.2.2 Wat is die maksimum temperatuur by Kaapstad? (1)

3.3 Hoe laat kom die son in Johannesburg op? (1)

3.4 In watter TWEE wêreldstede was dit op 7 Junie 2008 die koudste? (2)
[6]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 4:

- Die onderstaande leesstuk bevat wenke om stres te verminder.
- Som dié wenke in SEWE VOLSINNE op.
- Jou opsomming moet ongeveer 60 woorde wees.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming.

WENKE VIR 'N LEWE SONDER STRES

1. Niemand hou van selfone wat lui as mense met mekaar praat nie. Daar is te veel mense wat hulle selfone dag en nag aangeskakel hou. Die goue reël is: hou jou selfoon afgeskakel terwyl jy met mense werk!

2. 90% van al die TV-programme vertoon fisiese geweld. Sulke programme maak jou gespanne of laat jou stres. Om te ontspan, moet jy na komedies en aangename programme kyk.

3. ŉ Mens word baie bang as jy alles sien en hoor wat in die wêreld verkeerd is. Deur net die hoofopskrifte in koerante en tydskrifte te lees, sal al die slegte nuus jou nie so ontstel nie.

4. Hoe meer koffie en tee jy drink, hoe meer gespanne voel jy. Koffie en tee hou jou vir ŉ kort rukkie wakker, maar dit verminder nie jou stresvlak nie, daarom moet jy minder koffie en tee drink.

5. Te veel skuld veroorsaak stres. Die oplossing is om net te koop wat jy regtig nodig het.

6. As jy te veel vriende het, is dit moeilik om jou tyd tussen almal te verdeel. Dit kan jou in ŉ moeilike posisie plaas. Kies dus net ŉ paar goeie vriende by wie jy regtig lekker kuier.

7. As jy jou werksituasie en persoonlike lewe meng, is dit moeilikheid soek. Die beste raad is om te sorg dat jy jou werk by die werkplek klaarmaak.

[Verwerk Uit: *Huisgenoot*, 22 Februarie 2007]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 5: WOORDSTRUKTURE

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

AG NEE – AL WEER!

Kragonderbrekings veroorsaak baie probleme. Nie almal kan duur kragopwekkers bekostig nie!



[Uit: *RAPPORT-TYDSKRIF*, 20 Julie 2008]

Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkantste kolom te gee. Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer. Antwoorde in VRAAG 5.1 – 5.20 moet korrek gespel wees.			
Dis winter, vreeslik koud en die (5.1 *krag)* is weer af!	5.1	Gee die sinoniem.	(1)
Saans is die probleem die heel (5.2 *erg*).	5.2	Gee die regte vorm.	(1)
Dis wanneer al die moeë (5.3 *werk*) huis toe kom.	5.3	Gee die regte persoonsnaam.	(1)
Die kos moet vinnig (5.4 *kook*) word, die	5.4	Gee die regte vorm.	(1)
(5.5 *kinders*) moet gebad word en die klein	5.5	Gee die enkelvoud.	(1)
(5.6 *motor*) moet gewas word.	5.6	Gee die verkleiningsvorm.	(1)
Die mense in **huis A** is (5.7 *ontevrede*), want	5.7	Gee die antoniem.	(1)
die kragopwekker laat baie (5.8 *lig*) brand.	5.8	Gee die meervoud.	(1)
Die ma is in die kombuis besig. (5.9 *Hy*/*Sy*)	5.9	Kies die regte voornaamwoord.	(1)
hou daarvan om (5.10 *kos maak/kos te maak*)	5.10	Kies die regte woorde.	(1)
en die pa sit en kyk (5.11 *na/aan*) die nuus op die televisie.	5.11	Kies die regte voorsetsel.	(1)

Vir (5.12 *aand + ete*) maak die ma ŉ heerlike pot hoendersop en dit is almal se (5.13 *gunsteling/gunstelling*) kossoort.	5.12	Gee die regte samestelling.	(1)
	5.13	Kies die woord wat reg gespel is.	(1)
In **huis B** is die kinders ongelukkig, want hulle kamer is (5.14 *baie donker*). Hulle kan nie met hul TV-speletjies speel nie.	5.14	Gee die intensiewe vorm.	(1)
Die temperatuur daal elke nag al hoe laer en dit word al hoe (5.15 *koud*). Die arme mense bibber van die koue. Hulle is moedeloos, want die krag gaan (5.16 *kort-kort/kortliks*) af.	5.15	Gee die regte trap van vergelyking.	(1)
	5.16	Kies die regte woord.	(1)
Hulle het ŉ plan (5.17 *gedoen/gemaak*) om ŉ vuur te maak. Hulle kan vleis, mielies, vis (5.18 *ens.*) op die vuur braai.	5.17	Kies die regte woord.	(1)
	5.18	Skryf die afkorting voluit.	(1)
Die gesin is ongelukkig buite in die koue. Miskien is dit ook omdat hulle huis die ongelukkige (5.19 nommer **(***13***)**) in die straat is. Tog wil hulle nie hulle huis verruil nie, want hulle glo: Oos, wes, (5.20 *huis bes/tuis bes*).	5.19	Skryf *13* in woorde.	(1)
	5.20	Voltooi met die regte woorde.	(1)
			[20]

VRAAG 6: SINSTRUKTURE

Lees die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae.

Babsie gesels met haar broer oor die telefoon. As sy hoor dat hy gaan spring, dink sy dat hy selfmoord wil pleeg. Daar is 'n misverstand. Sy roep vir Ben om die situasie te probeer red.

[Verwerk uit: *RAPPORT-TYDSKRIF*, 21 November 2007]

6.1 (Babsie kry 'n oproep van haar broer.)	6.1	Skryf die sin in die verlede tyd.	(2)
6.2 (Robert sê: "Ek gaan nie rugby toe nie.")	6.2	Skryf die sin in die indirekte rede.	(2)
6.3 (Ben sê dat hy twee rugbykaartjies het.)	6.3	Skryf die sin in die direkte rede.	(2)
6.4 (Die waarde van die rand pla Robert.)	6.4	Skryf die sin in die lydende vorm.	(2)
6.5 (Daar is iets verkeerd met die toestand van die paaie.)	6.5	Skryf die sin in die ontkennende vorm.	(2)
6.6 Robert is ongelukkig <u>oor die foutiewe verkeersligte</u>. (6.6 *Waaroor ...)*	6.6	Voltooi die vraag sodat die onderstreepte deel die antwoord is.	(2)
6.7 Babsie is bekommerd oor Robert. (want) Sy dink hy wil selfmoord pleeg.	6.7	Verbind die sinne soos aangedui.	(1)
6.8 Robert hanteer nie (*geduldig; elke dag; sy probleme*) nie.	6.8	Skryf die sin met die korrekte woordorde oor.	(1)
6.9 Ben beveel Robert: "Moenie spring nie!" (6.9 *Ben beveel Robert om ...*)	6.9	Voltooi die sin.	(2)
6.10 (Ben het twee kaartjies vir die rugby gekoop.)	6.10	Skryf die sin in die toekomende tyd.	(2)
6.11 Babsie het gedink Robert het moed verloor. (tog) Hy geniet die lewe.	6.11	Verbind die sinne soos aangedui.	(1)
6.12 Die verkeersligte wat nooit werk nie, ...	6.12	Voltooi die sin in jou eie woorde.	(1) **[20]**

VRAAG 7: REDIGERING

Lees die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae.

[Uit: *RAPPORT-TYDSKRIF*, 13 Januarie 2008]

Volg die instruksies in die regterkantse kolom en skryf die sin korrek oor. Onderstreep die fout(e) wat jy reggemaak het.			
7.1 Ampie is bekommerd vir die nuwe jaar.	7.1	Maak die voorsetselfout reg.	(1)
7.2 Hy sê Januarie is nie 'n goed maand nie, want die vakansiegees is verby.	7.2	Verbeter die vorm van die byvoeglike naamwoord.	(1)
7.3 Hy ken nie wat om te doen nie.	7.3	Verbeter die woordkeusefout.	(1)
7.4 Miskien sal een of ander pil hom hulp.	7.4	Maak die woordkeusefout reg.	(1)
7.5 Aikôna, hy sal nooit dokter toe gaan nie.	7.5	Vul die ontbrekende uitroepteken in.	(1)
7.6 Stix is nie 'n dokter.	7.6	Verbeter die ontkenningsfout.	(1)
7.7 Stix beduie met sy finger.	7.7	Maak die spelfout reg.	(1)
7.8 Ampie voel dadelik beter omdat hy sal 'n bietjie ontspanning kry.	7.8	Verbeter die woordordefout.	(1)
7.9 Hulle loop met dapper en klapper.	7.9	Verbeter die idiomatiese uitdrukking.	(1)
7.10 Stix asks Ampie what he would like to drink.	7.10	Vertaal die hele sin in Afrikaans.	(2) **[11]**

VRAAG 8: KRITIESE TAALBEWUSTHEID

Lees weer die **strokiesprent in VRAAG 6** om die vrae hieronder te beantwoord.

8.1 Wat het Robert bedoel toe hy gesê het hy "moet nou spring"? (2)

8.2 Wat is die misverstand?
Begin so: Babsie dink Robert wil ... (2)

8.3 Kies die antwoord wat **NIE REG IS NIE**.
Ben se gesigsuitdrukking in **raampie 7**, bewys dat hy ... is.

A benoud
B gespanne
C bekommerd
D verlig (1)

[5]

VRAAG 9: KYK EN KOMMUNIKEER

Kyk elke keer na die prent, lees die situasie en voer die opdrag uit.

9.1 SITUASIE: Sarel en Kabelo is goeie maats. By die werkplek, gedurende etenstyd, het hulle besluit om saam 'n speletjie te speel. Sarel dink hy gaan verloor, want hy het 'n verkeerde besluit geneem.

[*Bron: Clip art*]

OPDRAG: Hoe sal Sarel vir Kabelo **verduidelik** wat fout is en hom op 'n **beleefde manier vra** of hy sy fout kan regmaak?
Voltooi die sin in ongeveer 15 woorde.

Kabelo: Wat is nou verkeerd, Sarel?

Sarel: Kabelo, ... (2)

9.2 SITUASIE: Tshepo en Thandi is lief vir mekaar. Om te bewys hoe lief Tshepo vir Thandi is, het hy vir haar 'n mooi presentjie gegee. Thandi is baie bly daaroor.



[Bron: *Clip art*]

OPDRAG: Hoe sal Thandi vir Tshepo sê dat sy **dankbaar is** en dat sy die mooi presentjie **waardeer**?
Voltooi die sin in ongeveer 15 woorde.

Thandi: Tshepo, ... (2)
[4]

TOTAAL AFDELING C: 60

AFDELING D: LETTERKUNDE

1. Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae.

   VRAAG 10: *NAGLEWE* – JL Marais
   VRAAG 11: *DIE HEN EN DIE NAALD* – Minnie Postma
   VRAAG 12: *TOM* – Jeanne Goosen

2. Beantwoord TWEE van die drie vrae.

LUGSPIEËLINGS – MYICELIE PIENAAR

VRAAG 10: *NAGLEWE* – JL MARAIS

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hierdie somer het ek egter, meer as ooit tevore, agtergekom hoe wonderlik die nag regtig kan wees – en nou bedoel ek die werklike naglewe. En dit het ek hier in die stad, in my eie tuin, ervaar. ’n Paar keer het ek buitentoe gegaan en in die tuin gaan rondstap. Selfs in die stad ervaar ’n mens gou iets van die ware, versmade naglewe waaraan so min mense hulle steur.

10.1 10.1.1 Sou jy sê die verteller hou van die naglewe? Sê JA of NEE. (1)

10.1.2 Haal ’n woord aan om jou antwoord te bewys. (1)

10.2 Woordeboeke omskryf 'naglewe' as nagklubs, restaurante en vermaaklikheidsplekke. Is dit ook vir die verteller so? (1)

10.3 Sê in jou eie woorde wat die naglewe vir die verteller is. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Ja, daar is verskillende besoekers aan my tuin. Die besoekers is nie net die insekte en die voëls en die diere nie. Bedags is dit ook die son …

10.4 Waarom is die son ’n welkome besoeker aan ’n tuin? (1)

10.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Volgens die verteller bepaal die … ook hoe die nag vir hom voel.

A maan
B weer
C son
D sterre (1)

10.6 Hoe weet ons die maan het ’n spesiale betekenis vir die Sanmense? (1)

10.7 Waar kan ’n mens die verteller se “werklike naglewe” ervaar? (1)

10.8 Noem TWEE lewende nagbesoekers aan die verteller se tuin. (2)
[10]

EN/OF

VRAAG 11: *DIE HEN EN DIE NAALD* – MINNIE POSTMA

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hulle sê Valk en Hen was baie groot maats in die dae toe al die voëls nog kon gepraat het. Elke dag, elke dag, elke dag het Valk na die grond toe afgekom om te luister na die lekker geselskap van sy vriendin.

11.1 11.1.1 Speel die verhaal in die moderne tyd af? (1)

11.1.2 Haal uit die bostaande gedeelte aan om te bewys waarom jy so sê. (1)

11.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Valk het elke dag by Hen gekuier omdat sy …

A so mooi kon sing.
B so lekker kon lag.
C vir hom so mooi was.
D vir hom naaldwerk gedoen het. (1)

11.3 Wat het Valk gehad wat Hen graag wou gebruik? (1)

11.4 Wat was Hen se plan met die item wat sy geleen het? (1)

> Sy stap buitentoe, sy skiet haar beentjies uit, sy swaai haar lyfie en, soos die vrou van ’n kaptein, loop sy voor haar woning en haar hart kry nog lekkerder toe sy die vreemde hoenders vir mekaar hoor sê: “Jô, sy blink, daardie vrou!”

11.5 11.5.1 Is Hen ’n kapteinsvrou? (1)

11.5.2 Wat laat Hen soos ’n kapteinsvrou lyk? (1)

11.6 In KOLOM A is karakters. Kies uit KOLOM B die beskrywing wat by elkeen pas. Skryf die vraagnommer en die korrekte letter neer, bv. 11.6.4 D.

A	B
11.6.1 Valk	A kruip onder Hen weg
11.6.2 Al die hoenders	B die donker skaduwee
11.6.3 Haar kuikens	C help soek

(3)
[10]

EN/OF

VRAAG 12*: TOM* – JEANNE GOOSEN

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> “’n Honderd-vervlakste-rand vir ’n halfdooie donkie en ’n kar wat uitmekaar val!” raas ek met my broertjie toe hy met die goed hier op ons erfie aankom.
> Hy laat sy kop sak, maar daar is ’n koppige trek om sy mond. Hy sê: “Maar ons kan dorp toe gaan daarmee en allerhande goed aanry!”

12.1 Die sussie was om TWEE redes vir die broertjie kwaad. Een was oor die swak donkie en stukkende kar. Wat was die tweede rede? (1)

12.2 Gee TWEE redes waarom die broertjie gedink het dis ’n goeie plan. (2)

12.3 12.3.1 Het die sussie met die broertjie saamgestem? Sê JA of NEE. (1)

12.3.2 Verduidelik waarom jy so sê. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hy streel die donkie se kop liefderyk. “Kyk net hoe het hulle hom mishandel.”

12.4 Haal EEN woord aan wat vir ons sê dat die broertjie vir die donkie omgegee het. (1)

12.5 Waaraan kon die broertjie sien dat die donkie mishandel is? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> "Hier is genoeg plek vir hom om te wei," sê my broertjie koppig. Hy beduie na die werf en na die bosplantasie agter die dam teen die koppe uit.
> "Gaan hy dan los loop?"

12.6 Watter probleem sou die donkie se loslopery veroorsaak? (1)

12.7 12.7.1 Antwoord WAAR of ONWAAR.

Die broertjie het 'n oplossing vir die probleem gehad. (1)

12.7.2 Motiveer jou antwoord. (1)
[10]

TOTAAL AFDELING D: 20

GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou